higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

SIELKUNDE VAN LEER
NKR VLAK 2

(5050032)

11 Desember 2020 (X-vraestel)
09:00–11:30

Hierdie vraestel bestaan uit 11 bladsye.

558Q1N2011

Kopiereg voorbehou

TYD: 2½ UUR
PUNTE: 150

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke vraag op 'n nuwe bladsy.
5. Gebruik slegs 'n swart of blou pen.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 Jou selfbeeld en selfvertroue word beïnvloed deur jou ...

A selfrespek.
B selfkonsep/ selfbegrip.
C motivering.
D kennis.

1.1.2 Operante kondisionering vind plaas as 'n respons op 'n stimulus ... word.

A beperk
B verwerp
C versterk
D herstel

1.1.3 Senuweeselle stuur inligting na die brein via die …

A serebrum
B medulla oblongata
C ruggraat
D corpus callosum

1.1.4 'n Mens se voorkeure en afkeure val onder ...

A kriteria.
B gedrag.
C persoonlikheid.
D stemming/bui ('mood').

1.1.5 Om jou selfvertroue te verbeter, kan jy …

A regop staan en glimlag.
B op omgewingskwessies konsentreer.
C slegs met bekende mense meng.
D jouself isoleer.

1.1.6 Die pariëtale lobbe is aan die ... van die brein geleë.

A die agterkant
B die bokant
C weerskante
D die voorkant

1.1.7 As die stimulus nie herhaal word nie, vind … plaas.

A uitdrukking
B ervaring
C verduideliking
D uitwissing

1.1.8 Jy kan selfkennis bekom deur …

A modetydskrifte te lees.
B te mediteer.
C met ander te gesels.
D televisie te kyk.

1.1.9 Beloon jouself as jy …

A 'n moeilike taak het om uit te voer.
B uitgestel het.
C 'n taak voltooi het.
D verveeld is en niks het om te doen nie.

1.1.10 As iemand aggressief, betroubaar, vriendelik of liefdevol optree en hierdie gedrag is blywend, noem ons dit ...

A 'n karaktertrek.
B gedrag.
C emosies.
D omgewing.

(10 × 1) (10)

1.2 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.10) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

1.2.1 Die proses van aktiewe studie behels die gebruik van al jou sintuie.

1.2.2 Gedrag word aangeleer en deur jou optrede of gedrag getoon.

1.2.3 Jou fisiese eienskappe of gestremdhede het geen invloed op jou selfkonsep nie.

1.2.4 Denke/ redenering word dikwels as die hoogste vorm van denke beskou.

1.2.5 Klassieke kondisionering lok 'n refleksiewe respons uit.

1.2.6 Advertering het niks met kondisionering te doen nie.

1.2.7 Selfvertroue is 'n aangebore eienskap.

1.2.8 Visuele sluiting is die vermoë om 'n voorwerp te herken al is die hele voorwerp nie sigbaar nie.

1.2.9 'n Fobie is 'n situasie met 'n aangename stimulus.

1.2.10 Daar is voorsien in die basiese behoeftes van beide honger en versadigde kinders.

(10 × 1) (10)

Kopiereg voorbehou

1.3 Kies ’n term uit KOLOM B om by ’n beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–L) langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.3.1	Inligting deur aanraking ontvang	A	empatie
1.3.2	Kennis word die beste ontvang deur na die opvoeder te luister	B	taktiel
1.3.3	Ken jou eie emosies en herken gevoelens wanneer dit voorkom	C	bestuur verhoudings
1.3.4	Die vermoë om gevoelens te beheer en 'n probleem op 'n gepaste manier te hanteer	D	oudio
1.3.5	Iemand wat spontaan en selfversekerd is	E	selfbeheersing ('mood management')
1.3.6	Stel jou in op die bereiking van 'n doel	F	sanguinies
1.3.7	Toon begrip vir ander se gevoelens	G	selfbewussyn
1.3.8	Persoonlikheid is 'n produk van leer	H	observasie
1.3.9	Proe die verskil tussen soet, suur en sout	I	selfmotivering
1.3.10	Hanteer interaksie of konflik deur onderhandeling en die vind van 'n oplossing	J	smaaksin/ proe
		K	behaviourisme
		L	intelligensie

(10 × 1) (10)
[30]

VRAAG 2

2.1 Voltooi die volgende sin of sinne deur woorde uit die lys hier onder te kies. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (2.1.1–2.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

eksperimentering; motivering; bevestiging; gevoelige; kognitiewe; e-leer; selfgemotiveerd; doelbewuste; geaardheid; artistieke/kunssinnige

2.1.1 'n Rekenaar, internet en programme word benodig vir …

2.1.2 Die persoon se neiging om op 'n bepaalde manier op te tree, staan bekend as ...

2.1.3 Intellektuele vryheid moedig ... aan.

2.1.4 Mense wat inligting bekom van werklike goed het 'n ... persoonlikheid.

2.1.5 Na 'n persoon se intellektuele sy word ook verwys as die persoon se ... sy.

2.1.6 Kinders kan op hul eie leer as hulle ... is.

2.1.7 Sterk … stel jou in staat om op te tree en 'n taak te voltooi.

2.1.8 Iemand wat nie van struktuur hou nie, maar selfuitdrukking geniet, het 'n ... persoonlikheid.

2.1.9 … is die herhaling van positiewe stellings om meer positief te lewe.

2.1.10 Om funksies op jou nuwe selfoon te leer, is ... leer.

(10 × 1) (10)

2.2 Kies die korrekte woord uit dié tussen hakies. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (2.2.1–2.2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

2.2.1 Die genot van 'n stokperdjie verskaf (intrinsieke/ekstrinsieke) motivering.

2.2.2 Mense wat graag in groepe studeer, verkies 'n (eensame/sosiale) leerstyl.

2.2.3 Om jouself te ken en te besef jy is jou eie mens is (selfbewussyn/selfverwesenliking).

2.2.4 Iemand met (neurose/fobies) het die neiging om maklik onaangename emosies te ervaar.

2.2.5 As 'n kind 'dankie' sê en geprys word, gebruik ons (positiewe/negatiewe) versterking.

2.2.6 'n (Verwarde/Konsensieuse) persoon toon selfdissipline en tree pligsgetrou op.

2.2.7 Mense wat swaar op ander leun en nie hul lewens self beheer nie, leer om (hulpeloos/gemotiveerd) te wees.

2.2.8 Operante kondisionering staan ook bekend as (refleksiewe/instrumentele) kondisionering.

2.2.9 (Na/Voor) kondisionering sal die organisme geen assosiasie met die stimulus hê nie.

2.2.10 'n Terapeutiese tegniek om angs of vrees te verminder, is sistematiese (desensitisering/afleiding).

(10 × 1) (10)

2.3 'n Mens kan die hoogste kognitiewe vlak bereik deur kreatief te wees.

Noem die eerste VYF vlakke van Bloom se Taksonomie. (5 × 1) (5)

2.4 Noem VYF dele van die neuron. (5 × 1) (5)

[30]

VRAAG 3

3.1 Beskryf die proses van *vorming* ('shaping'). (4)

3.2 Identifiseer die TWEE stappe wat plaasvind tydens vorming. (2)

3.3 Noem DRIE eienskappe van 'n melancholiese mens. (3)

3.4 Noem DRIE eienskappe van 'n sanguiniese mens. (3)

3.5 Identifiseer of die volgende stellings oor persepsie OUDITIEF, VISUEEL of VOLGORDEBEPALEND is. Skryf slegs 'Ouditief', 'Visueel' of 'Volgordebepalend' langs die vraagnommer (3.5.1–3.5.3) in jou ANTWOORDBOEK neer.

3.5.1 Sally kan nie nuwe beelde met reeds gestoorde beelde verbind nie. Dit is vir haar moeilik om inligting te vergelyk en bymekaar te pas.

3.5.2 John kan nie onthou in watter volgorde hy take moet uitvoer nie, al het hulle dieselfde roetine die afgelope ses weke herhaal. Hy sukkel om die volgorde van dinge te onthou.

3.5.3 Zodwa se aandag word maklik afgelei deur klanke en geluide in die klas. Sy kan nie verbale instruksies volg nie.

(3 × 2) (6)

3.6 Ontwerp TWEE aktiwiteite vir leerders met taktiele perseptuele probleme. Jy wil hê hulle moet die gevoel van jel en harig/wol ('fur') ervaar. (2 × 2) (4)

3.7 3.7.1 Het jy alleen of in 'n groep vir hierdie eksamen studeer? (1)

3.7.2 Skets TWEE aktiwiteite wat jy gebruik het om gedurende die jaar aktief voor te berei vir assesserings. (2 × 2) (4)

3.8 Noem DRIE soorte tegnologie wat as e-leer gedefinieer kan word. (3)

[30]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 4

Bestudeer die scenario hier onder en beantwoord die vrae.

Mevrou Jones het opgemerk dat Jabu baie daarvan hou as hulle met 'n nuwe onderwerp begin. Hy stel die hele tyd vrae en gee ook sy eie mening oor wat hy dink. Annie begin die nuwe onderwerp eers na 'n paar dae geniet. John hou nie van al die veranderinge nie. Hy vra vrae oor onderwerpe wat reeds afgehandel is en skakel nie maklik oor na die volgende onderwerp nie.

4.1 4.1.1 Watter soort temperament het Jabu? (2)

4.1.2 Watter kind het 'n melancholiese of moeilike temperament? (2)

4.1.3 Watter kind het 'n flegmatiese of bang temperament? (2)

4.1.4 Het Jabu selfvertroue? Motiveer jou antwoord. (1 + 1 × 2) (3)

4.1.5 Kan ons Johannes se gedrag koppel aan 'n gebrek aan motivering? Motiveer jou antwoord. (1 + 1 × 2) (3)

4.1.6 Beveel TWEE maniere aan om ander kinders in die groep ook 'n kans te gee om deel te neem terwyl jy John betrokke hou. (2 × 2) (4)

4.2 4.2.1 Is jy 'n introvert of 'n ekstrovert? (1)

4.2.2 Verduidelik TWEE maniere waarop jy reageer op nuwe inligting wat jy moet leer. (2 × 2) (4)

4.3 Selfkonsep beskryf hoe jy oor jouself dink en voel. Deur jou houding te verander, kan jy jou selfkonsep en jou konsep van wie jy kan word, verbeter.

Beantwoord die volgende vrae met betrekking tot jou selfkonsep van jou toekoms:

4.3.1 Oortuigings ('beliefs')

4.3.2 Idees

4.3.3 Kennis

(3 × 2) (6)

4.4 Dink jy perfeksionisme is 'n goeie eienskap? Motiveer jou antwoord.(1 + 1 × 2) (3)

[30]

VRAAG 5

Bestudeer die scenario hier onder en beantwoord die vrae.

Volgens die Sielkunde van Leer verwag ons mense moet leer uit hulle ervarings en as hulle moeite doen om kennis en vaardighede op te doen, sal dit gebeur. Ons beskou dit as leer as daar 'n blywende verandering in gedrag is.

5.1 Stem jy saam met bogenoemde stelling dat leer onder enige omstandighede kan plaasvind? Sê JA of NEE en motiveer jou antwoord. (1 + 2) (3)

5.2 Bespreek TWEE beperkings wat jy ervaar as jy leer. (2 × 2) (4)

5.3 Identifiseer of die volgende stellings verwys na formele of informele leer. Skryf slegs 'Formeel' of 'Informeel' langs die vraagnommer (5.3.1–5.3.3) in jou ANTWOORDBOEK neer.

5.3.1 Mev. Rose help die studente met hersiening ter voorbereiding van die eksamen wat op hande is.

5.3.2 My vriend het vir my gesê daar is 'n makliker manier om by die skool te kom as om soontoe te loop.

5.3.3 I moes in die handleiding kyk hoe my selfoon werk.

(3 × 2) (6)

5.4 Bestudeer die stelling hier onder en beantwoord die vraag.

Volgens B.F. Skinner sal kondisionering toekomstige gedrag beïnvloed.

Stem jy saam met Skinner se stelling? Sê JA of NEE en motiveer jou antwoord. (1 + 2) (3)

5.5 Bestudeer die scenario hier onder en beantwoord die vrae.

Bongo is 'n uitruilstudent in China. Toe hy daar aangekom het, was hy beïndruk met die manier waarop sy gasheer en dié se gesin met eetstokkies eet. Na vier maande in China kan hy ook met eetstokkies eet sonder om eers daaraan te dink. Hy kan nie wag om vir sy gesin in Suid-Afrika te wys hoe goed hy dit doen nie.

Die proses van kulturele kondisionering behels VYF stappe. Bespreek die stappe met verwysing na Bongo se ervaring onder die volgende opskrifte:

5.5.1 Observasie

5.5.2 Imitasie

5.5.3 Versterking

5.5.4 Internalisering

5.5.5 Spontane manifestering

(5 × 2) (10)

5.6 Bestudeer die scenario hier onder en beantwoord die vraag.

Kolleges regoor Suid-Afrika oorweeg dit om lesse op 'n netwerk te plaas om studente maklike toegang tot daardie inligting te gee. Op dié manier kan studente wat afwesig was of nie die werk verstaan nie op hul eie tyd die les bestudeer.

Verduidelik TWEE voordele van hierdie metode van e-leer. (2 × 2) (4)

[30]

TOTAAL: 150

Kopiereg voorbehou